Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

## ONS VISIE 2040

Die Universiteit Stellenbosch sal Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit wees wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word en wat kennis tot diens van die samelewing bevorder.

## ONS MISSIE

Die Universiteit Stellenbosch is 'n navorsingsintensiewe universiteit wat uitmuntende studente lok, talentvolle personeel aanstel en 'n wêreld-klasomgewing bied; 'n plek wat met die wêreld verbind is en gemeenskappe plaaslik, op die vasteland en in die res van die wêreld verryk en transformeer.

## ONS KODE 2040 VERBINTENIS

As belanghebbendes van die Universiteit Stellenbosch verbind ons onsself tot etiese gedrag; en ons verbintenis is in die besonder:

**a)** om ons werk te verrig op 'n wyse wat **uitnemendheid** demonstreer,

**b)** om ons belanghebbendes altyd **billik** en met **respek** en **deernis** te behandel, en

**c)** om **verantwoordbaar** te wees vir die uitvoering en gevolge van al ons handelinge.

# VISIE 2040 EN STRATEGIESE RAAMWERK

## STRATEGIEPLAN 2026-2030

### STRATEGIESE FOKUSAREAS

### SES KERN STRATEGIESE TEMAS

**1 'N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH**

- Om die Universiteit Stellenbosch as Afrika se voorste, navorsingsintensiewe en entrepreneuriese universiteit te vestig
- Om die US se reputasie in leer, onderrig en assessering te verskerp
- Om 'n humaniserende, inklusiewe institusionele kultuur te vestig wat in die institusionele waardes veranker is
- Om die US se finansiële volhoubaarheid deur middel van gediversifiseerde inkomstegenerering te versterk
- Om geïntegreerde strukture, prosesse, stelsels en raamwerke vir oorsigbestuur te optimeer

**3 NAVORSING VIR IMPAK**

- Om uitnemendheid in alle vorme van navorsing na te streef (inter-, intra-, multi-, kruis- en transdissiplinêr) (navorsingsuitnemendheid)
- Om die beste navorsingstalent te lok en te behou (navorsingskapasiteit)
- Om navorsingsinfrastruktuur, -fasiliteite en -vermoëns van wêreldklas te verskaf (navorsingsinfrastruktuur)
- Om die gehalte en uitsette van die US se navorsingspublikasies te verhoog (navorsingsuitsette)
- Om nagraadse studente se bydrae tot navorsingsuitsette te verhoog (navorsingsuitsette)
- Om optimale wetenskaplike impak te behaal
- Om optimale samelewingsimpak te behaal
- Om die entrepreneuriese en innoverende vermoëns in die Universiteit te optimeer

**VISIE MISSIE**

**4 'N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING**

- Om studentetoegang te verhoog
- Om studentesukses te verbeter
- Om digitale bevoegdhede vir verskerpte samewerkende leerervarings te ontwikkel

**6 VOORKEURWERKGEWER**

- Om die beste personeel in alle kategorieë na die US te lok
- Om te verseker dat die beste en mees produktiewe personeel by die US behou word

**2 SAMEWERKENDE LEER EN ONDERRIG**

- Om programme aan te bied wat reageer op veranderinge in kennis (uitnemendheid in leer en onderrig)
- Om programme aan te bied wat reageer op veranderinge in die wêreld van werk (veranderende praktyke in spesifieke beroepe)
- Om die vakkundigheid van leer en onderrig te bevorder

**5 DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE**

- Om die Universiteit Stellenbosch te vestig as die voorkeurvennoot in die ontwikkeling van hoër onderwys
- Om betekenisvolle globale vennootskappe te ontwikkel, insluitend ontluikende streke
- Om betrokke belanghebbende gemeenskappe te bou

Akademiese uitnemendheid • Mense, prosesse en kultuur • Vennootskappe en volhoubaarheid

Ons waardes | Kenmerke | Instaatstellers | Restitusiestelling | Kode 2040 en ons verbintenis